
MAGAZINE / TYDSKRIF
50+ ONLINE
Issue 36
MAY 2024
Happy Mother's Day
MEDIA HOUSE PROJECT FOR 2024

INDEX

# CONTENT

50+

MAGAZINE / TYDSKRIF

COMMENTS:
Please send us an e-mail to
admin@topvibe.co.za
to share your opinion, ideas and comments.

COPYRIGHT:
Content of 50 + Magazine / Tydskrif is protected by copyright. NO part of this publication may be repoduced or used in any form whatsoever without prior settlement with the Editor.

DESCLAIMER:
The Editor or the publisher cannot be held responsible for damages or consequences of any errors or omissions neither do they stand warranty for the performance of any article, letter and / or advertisement.
The view of other writers or articals in this Magazine is not necessarlly the view of the Editor.

**EDITOR:**
**Charmaine Britz**

**CONTACT DETAIL:**
**Cell: 072 768 8582**

**WEBSITE:**
**www.topvibe.co.za**

*MEDIA HOUSE - TOP VIBE MAGAZINE*
*- TOP VIBE KIDS MAGAZINE*
*- GLAMOUR TALK MAGAZINE*
*- 50 + MAGAZINE*

**1.**

***50+ AMBASSADORS:***

A message from our lovely Ambassadors they will bring you something new every month.

**2.**

***ADVERTISING:***

Advertise your business, products and more with us at affordable prices.
For more info call 072 768 8582

**3.**

***MEDIA HOUSE PROJECTS '24:***

Thank you for your support in 2023.
Please support us in 2024

**4.**

***BE ON OUR COVER PAGE ?:***

***Are you 50 + meaning 50 years and older? Then enter our competition.***



# REGULARS

**1. COVER PAGE** 01

*Cover page we celebrate Mothers on Mother's Day 12 May 2024*

**2. 50+ AMBASSADORS** 04

*Our 50+ Ambassadors is two beautiful ladies Fredricka Storm and Handelien Volschenk*

**3. ADVERTS** 08

*Find our adverts here and please support them.*

**4. 50 + Cover page:** 05

*You can be on the next cover page - all you have to do is to enter. Looking forward to see you on the next cover page.*

**5.BACK PAGE** 20

*Back page - our next issue is our JUNE Issue*



*Photographer: Charmaine Janse van Rensburg*
*Venue: Photo Dairy & Venue*

# Redakteur
## *aan die woord*

**Liewe leser,**

**Ons vier die maand Moedersdag op 12 May 2024.**
**Baie gelukkige Moedersdag aan al ons Mammas daar buite, bederf jou self want jy verdien dit.**

**Bederf jou Ma as jy gelukkig is om haar nog by jou te kan hê. Ek mis my Moeder elk dag en dit is 'n seer wat nooit weg gaan nie.**

**Om 'n ma te wees is nie 'n maklike taak nie, Ma's is super sterre!**

**Vanjaar wil Media House ons ma's bederf, Augustus is vrouemaand.**
**Op 3 Aug bied ons 'n vrouedag funksie aan en nooi julle om saam te kom kuier.**

**Hou ons Facebook blad dop of kontak my by 072 768 8582 of kry jou kaartjie by Bar with No Name en kom kuier saam met ons.**

**Geniet die res van jou May maand.**

**Liefde tot volgende keer..**

**Charms xox**



# 50+ Ambassadors



## FREDRICKA STORM

ELKE MA SE SEER..

Toe ek hierdie lees, het die trane gevloei... Ek deel dit graag met julle:
Ek sit vandag en my gedagtes dwaal terug na 7 maande gelede. Die telefoon lui: "More my skat, ek wou net hoor of dit goed gaan met jou?" "Ja dankie, maar mammie moet my verskoon ek is baie besig" "Jammer ek wil .. Reg so my kind, ek verstaan, ons praat Dan weer later, wil net gou-gou byvoeg, ek is lief vir jou en verlang na jou" "Ja dankie, ek ook", hoor ek myself sê net om so gou moontlik van haar ontslae te raak. Die assistente in kantoor lig 'n wenkbrou en kyk na my: "Is alles reg met jou moeder?" "Ja wat, sy is maar net verveeld, soos elke ander keer, dit is waarom sy skakel." En met 'n haastige " Ek gaan gou uit om vir my iets te ete te koop!" was sy vergete. Moeder het nooit weer geskakel nie! Met pyn en verlange in my hart, hunker ek om net een keer weer haar stem hoor wat my tot 7 maande gelede so geirriteer het, of om net een keer weer 'n drukkie wat ek so afstootlik gevind het, van haar te kry. Trane rol oor my wange as ek kyk na die Checkers strokie waarvan die ink al plek, plek verdwyn het, met R17.00 daarop geplaas. Ek onthou, ek moes vir haar brood en melk bring van die dorp en was uiters verontwaardig dat ek my kosbare tyd moes inspan vir haar. Kon sy dit Dan nie self doen nie, besef sy dan nie ek het my eie lewe nie?
Nee wat haar vermetelheid staan my nie aan nie, het ek onvergenoegd gedink. Ek het haar geskakel met die bedrag en nors versoek dat sy buite in die straat moes wag. Ek het slegs die pakkie deur die motorvenster voor die deur in haar hand gestop en die R17.00 wat sy na my uitgehou het, by die venster laat uitval in my haas om weg te kom voor sy my dalk iets wou aanbied om te eet of te drink. In die tru-spieëltjie het dit my opgeval hoe pateties sy gelyk het toe sy die geld in die pad opgetel het en my agterna gestaar het. Ek het my sommer opnuut weer vir haar vererg. Nee wat regtig my ma is darem baie selfsugtig om te verwag ek moet my vrye tyd so vir haar opoffer. Sy moet besef ek werk ses dae van die week en ek is ook moeg. Terwyl ek nou terugdink,.... Ek moet erken, sy het nogal daardie dag baie bleek gelyk. Toe haar buurvrou my skakel en vra ek moet dadelik na Mammie se huis kom, want sy voel nie lekker nie, moes sy eers die simptome aan my verduidelik en ek sou besluit of dit ernstig genoeg klink. Nee regtig, was ek dan nie net 8 maande of is dit nou 9 maande gelede daar nie! Dink sy ek het niks beter om te doen met my tyd nie? Hulle kan wag tot die naweek en as ek lus voel sal ek daar om ry. Maar helaas, die naweek was te laat. Die 10 minute se ry na Mammie se huis het vir my soos 'n leeftyd gevoel. Op haar kombuis kas langs die Checkers strokie met die R17.00, was 'n bruin koevert aan my gerig. Ek het dit oopgemaak en die volgende gelees: "My liefste kind, Hiermee 'n faktuur vir jou:

1.Vir tye wat ek dit kon regkry om jou om te koop met petrol geld, sodat ek jou kan sien vir miskien 15 minute - NO CHARGE
2. Vir tye wat ek verneder was voor ander personeel by my werk, wanneer ek foute begaan as gevolg van moegheid, omrede ek wakker gebly het deur die nag wanneer jy siek was - NO CHARGE
4. Vir nagte wat ek wakker gelê met jou op my bors, omrede dit al was waar jy wou slaap as jy siek was - NO CHARGE
5. Vir tye wat ek deur die nag aan jou skoolprojek gewerk het dat jy goeie punte kon behaal - NO CHARGE
6. Vir 18 jaar plus wat ek jou moes rondry na skool aktiwiteite of net om jou giere te bevredig, terwyl ek soms siek was - NO CHARGE
7. Vir al die kere wat ek my kos geldjie vir die werk gebruik het om jou gelukkig te maak met 'n geskenkie - NO CHARGE
8. Vir tye wat ek in my kamer gehuil het as ek na jou snikke moes luister na jou pakslae en ek mag jou nie getroos het nie - NO CHARGE
9. Vir tye wat jy my beskuldig het dat ek die oorsaak van rusie in ons huis was, terwyl ek slegs tussenbeide getree het om jou te beskerm as jy stout was - NO CHARGE
10. Die kere wat ek saam met jou gehuil het as jou hartjie gebreek was - NO CHARGE
11. Al die jare wat ek jou hare uitgeborsel het en jou net die beste gegee het en net die mooiste aangetrek het - NO CHARGE
12. Al die nagte wat ek op jou klein bedjie by jou geslaap het, koud gekry het en vir jou deur die nag gesing het as jy bang was - NO CHARGE
13. Al die jare wat ek jou buie moes verduur het as iemand in die huis jou ongelukkig gemaak het - NO CHARGE
14. En wanneer jy terugdink aan nog ander insidente wanneer jy jou eie kindjie het - NO CHARGE
Jammer ek het nie genoeg papier om verder te skrywe, ...dus....die finale bedrag: Die voorreg om jou in my lewe te kon hê, dit was my betaling! Al my liefde, Mamma.xxxxxxx
NB. My ontelbare, onmeetbare liefde vir jou wat jy nie meer van my wil hê nie - NO CHARGE!

Liefde Fredricka



**'n Brief aan elke vrou,**
**Vir elke vrou**

**Daar gaan dae wees wanneer jy jou kop gaan laat sak en jou trane op die vloer sien val. Dit gaan pyn, dit gaan ruk aan die dele van jou hart en siel wat die heel kwesbaarste is. Die dele wat jy gewoonlik vermy en toegebou het. Die dele wat jy die liefste het, en die bangste voor is. Die dele wat liefde dra. Ou liefde, nuwe liefde, verlore liefde.**

**Daar gaan dae wees wanneer jy jou kroon gaan laat val en nou en dan 'n dag wat jy jou kroon gaan gooi! Jy gaan dae ervaar wanneer mascarra 'n mors van tyd was en jou lipstick op natgehuilde tissues sal beland. Jy gaan ook dae hê wat jou favourite jeans nie meer gaan pas nie en jou go-to toppie in jou kas 'n back-up lap word. Net omdat seker dinge tydelik is, beteken nie dit was enigsins minder poëties en waardevol nie.**

**En dan gaan daar 'n dag kom wat jy besef dis okay. Dis okay om nie elke dag alles bymekaar te hê nie. Dis okay om te val. Dis okay om kwaad te wees en pyn te voel en dis okay om vrae te vra. Hierdie dag bring groei vir jou siel. Hierdie dag bring verandering. Karakter. Hierdie dag bring genesing saam met die seer. Hierdie dag bring die vorm van jou hart.**

**Aanvaar die lewe met al sy goeie dae, al sy slegter dae en al sy in-betweens. Embrace the glorious mess that you are! Of jy dit nou in designer heels doen en of jy twee verskillende sokkies aan het soos ek... Jy is alles werd! Jy is geluk werd. Jy is liefde werd! Jy is 'n prins werd. Jy is die held in die storie werd! Jy verdien die wêreld! Jy is 'n meesterstuk. Jy is vrou. Jy is nodig.**

**Pas jouself op, mooiste vrou,**
**Die wêreld is 'n mooier plek as gevolg van jou 💔 🙏lekker dag.**

*Handelien*



## HANDELIEN VOLSCHENK



# MEDIA HOUSE PROJECT FOR 2024






# "Advertising your business"












# Mother and child bond is strong

Why is a mother and child bond so strong?

Biology plays a significant role in fostering the bond between you and your baby through the release of hormones like oxytocin. Often referred to as the "love hormone," oxytocin is responsible for the warm, loving, and protective feelings you experience towards your baby.

What is the bond between a mother and child called?

Maternal bond - Wikipedia
A maternal bond is the relationship between a biological mother/caregiver and her child or baby. While typically associated with pregnancy and childbirth, a maternal bond may also develop in cases later on in life where the child is unrelated, such as in the case of an adoptee or a case of blended family.

How do you describe a bond between a mother and a child?

The establishment of bonding between mother and child is a physical and psychological need of babies, which provides comfort and protection.
Thus, the mother is considered the safe haven for the establishment of the first emotional attachments of the child, which will reflect on all future social relations.

What is the natural bond between mother and child?

Oxytocin, prolactin, and vasopressin are all released, and they help to create a strong emotional connection between mother and child. Oxytocin, often referred to as the “love hormone” or “bonding hormone,” is a key player in this intricate process.
Why a mother is special to her child?

A good mother feeds you, protects you, loves you, helps connect with others and encourages you to become your best self.

Why do mothers love their child so much?

Why This Is A Love Like No Other
First, it could be biologically driven. When a parent holds their newborn baby, they typically experience a flood of hormones that create a strong attachment and bond with their child. This bond may be further reinforced as the parent sees their child grow and develop.

Is a mother's bond stronger than a father's?

Q: Do fathers bond as strongly with babies as do their mothers? A: Since fathers don't carry the baby for nine months, give birth or breast-feed, the process of bonding is often slower and different. But the feelings can be just as strong, experts say.

# Voorblad geleentheid in 2024

Will jy ook op 'n tydskrif se voorblad verskyn?

Jy kan al wat jy moet doen is om ons Faceboek blad dop te hou en sodra jy die advertertensie sien skryf in en jy mag dalk net ons volgende voorblad gesig wees.

Dit kan heerlike pret wees, ek hoor al hoe spog die kleinkinders met ouma en oupa op die voorblad of wat van ouma en oupa saam.

Ja dit is nooit te laat nie, maak 2024 jou jaar en waag 'n bietjie ek belowe dit gaan pret wees..

My kontak nommer is 072 768 8582 vir meer inligting..



# Het jy 'n testament in plek?

'n Testament is 'n regsdokument wat 'n persoon se wense met betrekking tot die verspreiding van hul bates en besittings na hul dood uiteensit. Ten spyte van die belangrikheid daarvan, stel baie mense die opstel van 'n testament uit, met die veronderstelling dat dit iets is wat hulle later in hul lewe kan doen. Die skep van 'n testament is egter 'n kritieke stap in boedelbeplanning, en almal behoort een te hê, ongeag hul ouderdom, gesondheidstatus of finansiële situasie.

In die eerste plek verseker 'n testament dat jou bates ná jou dood volgens jou wense verdeel word. Sonder 'n testament sal die verspreiding van jou bates deur staatswetgewing bepaal word, wat dalk nie met jou wense ooreenstem nie. Dit kan lei tot geskille en onnodige stres vir jou geliefdes. Deur 'n testament te skep, het jy beheer oor wie jou bates ontvang en hoeveel hulle ontvang.

Tweedens laat 'n testament jou toe om 'n eksekuteur te benoem, die persoon wat verantwoordelik is vir die bestuur van jou boedel ná jou dood. Hierdie individu sal verseker dat jou bates volgens enige uitstaande skuld en belasting betaal word. Die keuse van 'n verantwoordelike en betroubare eksekuteur is van kardinale belang om te verseker dat jou wense uitgevoer word soos jy beplan het.

Benewens bateverdeling en eksekuteurseleksie, kan 'n testament ook gebruik word om 'n voog vir enige minderjarige kinders te benoem. Dit verseker dat jou kinders versorg word deur iemand wat jy vertrou en dat daar in hul behoeftes voorsien word. As jy nie 'n voog in jou testament noem nie, sal dit aan 'n hof oorgelaat word om te besluit wie vir jou kinders sorg?

Dit is nie net mense met baie geld of bates wat 'n testament moet skep nie. Selfs al beskou jy jouself nie as iemand met 'n groot boedel nie, is 'n testament steeds belangrik. Dit kan verhoed dat familielede baklei oor sentimentele items of familie-erfstukke, en dit kan help om te verseker dat daar na jou dood na jou geliefdes omgesien word.

Nog 'n rede om 'n testament op te stel. Hierdie verifikasie vind plaas as deel van die regsproses na 'n persoon se afsterwe om te verseker dat hul bates behoorlik versprei word. Sonder 'n testament kan die regsproses 'n lang en duur proses wees. Met 'n testament in plek kan die verifikasieproses egter baie gladder verloop, en jou bates kan vinniger versprei word.

Die opstel van 'n testament mag dalk skrikwekkend lyk, maar dit is 'n kritieke stap in boedelbeplanning. As jy nie 'n testament het nie, oorweeg dit om met Eksekuteurs vir boedels en testamente te praat om die eerste stap te neem. Deur 'n testament op te stel, kan jy verseker dat jou wense na jou afsterwe uitgevoer word en dat daar na jou geliefdes omgesien word. Onthou, dit is nooit te vroeg om 'n testament op te stel nie, maar dit kan te laat we

Het jy lewens dekking?
Het jy 'n testament?

Kontak:
Charmaine Janse van Rensburg
083 681 1514

# Giving back to the community

We at Media House is proud to announce that we were in a privilege position to make a difference is two peoples life by donating one weelchair and one walking frame









# Nuuskierigheid het die kat dood gemaak en sal jou ook dood maak!

**Justin vertel “Ek onthou voordat ek tik probeer het, het ek mense gevra hoe dit was. Hulle het gesê “dit is soos 'n uitbarsting van energie, 'n gejaag wat jou asem haal, dit is die beste gevoel ooit, ek weet nie hoe om dit regtig te verduidelik nie.” En hulle was reg, maar nou as iemand my ooit sou vra wat dit is soos, ek sal vir hulle sê ..**

**'Dit is soos om elke sent wat jy ooit gehad het, op dwelms te spandeer.**

**Dit is soos om dae te gaan sonder om te eet, al was jy honger, maar jy het meer tik nodig gehad.**

**Dit is soos om vir elke familie en vriend wat jy ooit gehad het te belieg.**

**Dit is soos om wakker te word en jouself te haat van die skaamte en skuldgevoelens.**

**Dit is soos om elke 8 uur in onttrekkings te gaan, tensy jy meer dwelmmiddel gehad het om te doen. (En jy het gewoonlik nie)**

**Dit is soos om nooit enige gesinsgeleentheid by te woon nie omdat jy te hoog of te siek was.**

**Dit is asof almal uiteindelik opgehou het om jou na geleenthede te nooi. En selfs met jou praat.**

**Dit is soos om jouself elke aand aan die slaap te huil omdat jou kinders gevat is.**

**Dit is soos om te weet jy het nog een kans om beter te word voordat jou kind aangeneem word en steeds daardie sak kies.**

**Dis soos om vir ander te vra hoe dit met jou eie bloedkind gaan.**

**Dit is om te kyk hoe almal rondom jou sukses behaal en tog verkrummel jy.**

**Dit is asof alles op jou dwelmhandelaars tyd was. As hulle gesê het vyf uur. Jy sal vyf ure in die kar sit en wag.**

**Dit is soos om alles wat waarde werd is vir doepa te steel. Maak nie saak hoe sentimenteel dit vir jou of iemand anders was nie.**

**Dit is soos om soveel gewig te verloor dat jy nie in enige van jou klere kan pas nie.**

**Dit is soos om alles wat jy in jou hele lewe besit het, te verloor.**

**Dit is asof niemand 'n woord glo wat jy gesê het nie, al was dit die waarheid.**

**Dit is soos om 'n gevangene in jou eie kop te wees.**

**Dit is soos om elke dag selfmoord te oorweeg.**

**Dit is soos om nooit bang te wees om te sterf nie, want dit is wat jy wou hê.**

**Dit is soos om jou brein vir selfs vyf minute te probeer toemaak. Dit was daardie tydjie van vrede werd.**

**Dit is soos om te sien hoe jou gesin vir jou huil om op te hou, net vir jou om weer te gaan en te gaan high word. Want stop was nie 'n opsie nie. Dit was nie moontlik nie.**

**Dit is asof jy absoluut enigiets vir meer sou doen. En jy het.**

**Dit is asof almal jou haat, maak nie saak waarheen jy gegaan het nie, want hulle het geweet jy is 'n dwelmverslaafde.**

**Jy sal jou kinders mis en hulle sal groot word voor jy dit weet. Jy sal vir jou kind doodmaak en alles enigiets vir hulle doen, maar jy sal nie vir hulle kan skoon kry nie en ons blyk eintlik die een te wees wat hulle die meeste seergemaak het.**

**Dit is soos om te oordosis en dadelik daarna hoog te gaan word.**

**Dit is soos om jou HELE LEWE WEG te gee.**

**So as jy ooit nuuskierig is soos ek, weet asseblief ten minste die waarheid.**

**NUUSKEURIGHEID HET DIE KAT DOODGEMAAK, en TIK SAL JOU OOK DOODMAAK**



# MAGAZINE

## MEDIA HOUSE



**NEXT ISSUE JUNE 2024**

**TO DOWNLOAD GO TO WWW.TOPVIBE.CO.ZA**